


## PETISIE TEEN VERTRAAGDE HUWELIKS VERWANTE VLOEKE EN VERBONDE

**Skrifgedeeltes om op te staan:**

*Galatiyim/Galasiërs 3:13,14;* Messias het ons losgekoop van die vloek van die wet deur vir ons ‘n vloek te word—want daar is geskrywe: Vervloek is elkeen wat aan ‘n hout hang— 14 sodat die seën van Avraham na die heidene kan kom in Messias יהושע, en dat ons die belofte van die Ruach deur die geloof kan ontvang.

*Timotos Bet/2 Timotheus 4:18;* En יהוה sal my verlos van elke bose werk en my red om in Sy hemelse Koninkryk in te gaan. Aan Hom die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amein.

*Yeshayahu/Jesaja 54:17;* Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie; en elke tong wat teen jou opstaan in die gereg, sal jy weerlê. Dit is die erfdeel van die knegte van יהוה en hulle geregtigheid wat uit My is, spreek יהוה.

*Hazon/Openbaring 12:11;* En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

*Bemidbar/Numeri 23:23;* Want daar is geen towery teen Ya'aqov of waarsêery teen Yisra'el nie. Nou sal van Ya'aqov en van Yisra'el gesê word wat יהוה gedoen het.

*Shemu'el Aleph/1 Samuel 2:10;* Die wat met יהוה twis, word verpletter; oor hulle donder Hy in die hemel; יהוה oordeel die eindes van die aarde, en Hy gee sterkte aan sy koning en verhef die horing van Sy gesalfde.

*Qolosiyim/Kolossense 2:14,15;* en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim het deur dit aan die kruis vas te nael, 15 nadat Hy die owerhede en magte uitgeklee en hulle in die openbaar tentoongestel en daardeur oor hulle getriomfeer het.

*Qolosiyim/Kolossense 1:13,14.*Hy wat ons verlos het uit die mag van die duisternis en oorgebring het in die koninkryk van die Seun van Sy liefde, 14 in wie ons die verlossing het deur sy bloed, naamlik die vergifnis van die sondes.

**Gebeds-strategie**

. Vra jou ouers 'n paar indringende vrae oor jou bevrugting, geboorte, seremoniële rituele tydens naamgeery, jeug en toewydings.

**Belydenis van Geloof:**

• יהוה, ek dank U omdat U Woord alreeds sé dat dit nie goed is dat man of vrou alleen moet wees nie. Ek vra vandag dat U my huidige situasie in ag sal neem- my eensaamheid - en dat U my huweliksmaat sal voorsien.

• Ek wil vir U lewe - om U te dien en te gehoorsaam - my lewe lank. Gee aan my 'n maat wat my helpmaat sal wees om U te dien.

**GEBED:**

Ek dank U, my VADER, יהוה vir U verlossingskrag wat nooit misluk of verminder nie. Ek dank U dat ek kan roem in U geregtigheid.

Ek vra U, יהוה, om my sondes te vergewe, veral enige verbond wat ek wetend of onwetend betree het, wat nou 'n uitwerking op my verwagte huwelik mag hê. Ek bely die sondes van afgodery deur my ouers en voorouers in hierdie verband.

Vandag verloën en herroep ek al die verbonde wat ek gesluit het of dit wat namens my gesluit is deur enigiemand aangaande my toekomstige huwelik, in die naam van Yeshua.

Ek bevry, verbreek en maak myself nou los van elke voorvaderlike huweliksverbond wat in my lewe werksaam is, of deur my familie lyn loop.

Ek beveel dat al die geeste agter sulke verbonde - al die geeste wat aangestel is om hierdie verbonde toe te pas-uit my lewe padgee! Ek verklaar my oorwinning oor julle, deur die Bloed van Yeshua Messias.

Ek kanselleer en vernietig alle familie- en voorvaderlike vloeke en beheksing, alle vervloekinge, en alle bose uitsprake wat gemaak is op my huwelik, in die naam van ons Meester Yeshua Messias.

Ek kanselleer en vernietig alle persoonlike bose uitsprake oor my lewe. Ek vernietig elke instelling en handgeskrewes van boosheid aangaande my toekomstige huwelik.

Ek neem gesag oor die sterkman gekoppel aan my toekomstige huweliksake. Ek bind jou, sogenaamde sterkman. Die Groter Een, die Sterker Een -ja, die Opgestane Meester Yeshua - het jou oorwin. Ek weerstaan jou in sy naam en deur sy outoriteit. Gee pad uit my lewe en my pad, in Yeshua se naam.

Ek bind elke sterkman van vaders- en moederskant, wat gekoppel is aan my toekomstige huwelikslewe, in die naam van Yeshua. Laat alle familie-gode van beide kante van my ouers hul hande afneem van my toekomstige huwelikslewe, in die naam van Yeshua. Ek weier om die afgode te volg van beide kante van my ouers. Ek ontvang my huweliks-deurbraak in Yeshua se naam.

Oor enigiets aanwesig in my wat anti-huwelik van aard is, beveel ek nou vernietiging in die naam van Yeshua.

Ek kanselleer en herroep enige geestelike huwelik of huwelike wat namens my in die geestesrealm uitgevoer is. Die Woord van **יהוה** sê: Wat **יהוה** saamgevoeg het, mag geen mens skei nie." Dit is **יהוה** wat die samevoeging moet maak in die huwelik. Omdat dit nie **יהוה** was wat my saamgevoeg het met enige bose gees nie, verklaar ek myself losgemaak! Ek verbreek so 'n huweliksverbond in Yeshua se naam.

Ek vernietig enige geestelike huwelikssertifikaat met enige gees. Laat die vuur van יהוה dit nou tot as verteer, in die naam van Yeshua.

Ek beveel dat elke teken van 'n demoniese huwelik nou vernietig word in Yeshua se naam!

Demoniese trouringe trek ek nou van my vingers af, in Yeshua Naam, en verpletter dit met die Hamer van U Woord! Ek vra U **יהוה**, om my Godgegewe man/vrou nou na vore te laat kom, in Yeshua naam! Vader, bring na my die been van my been en die vlees van my vlees. Laat U Ruach HaQodesh reël dat ons paaie van nou af sal kruis. Indien ek huidiglik op die verkeerde plek is, verplaas my bo-natuurlik, in die naam van Yeshua.

יהוה, volgens U instruksies in Mishle/Spreuke 3:5-7, weier ek om op my eie insig staat te maak. Ek erken U in al my weë, en ek bid nou dat U my paaie sal rig na die regte persoon wat U vir my het, in Yeshua se naam.

Vader, openbaar en gee aan my daardie man/vrou wat my sal aanmoedig om U beter te ken, te dien, in U Weë te wandel en sal help om 'n eksakte kopie van Yeshua te word. Ek laat my lewe in U Hand. Help my hiermee. Vader, slegs U ken die harte van alle mense, en net U kan my na die regte persoon toe lei. Dus vra ek, יהוה, dat U my sal lei na groen weivelde en my stille waters.

Omdat my lewe in U Hand is, Vader, weier ek om my hieroor te bekommer. Ek weet dat U besig is om vir my 'n wonderwerk voor te berei. Intussen weerstaan ek elke teenkanting tot my huwelik, in die naam van Yeshua.

Daardie ketting wat my vir jare op dieselfde plek vasgehou het, daardie ketting van stagnasie, vertraging en agteruitgang, verbreek ek nou in die naam van Yeshua.

Ruach HaQodesh vuur, vernietig en verbrand elke demoniese geestelike sluier wat my ware persoonlikheid bedek en belemmer, nou tot as.

Ek vra U, om die Vuur van יהוה te stuur en om alle demoniese huweliksdrag, tot as te verbrand in die naam van Yeshua Messias van Nasaret.

Ek kom te staan teen ingestelde en afstands-geprogrammeerde frustrasies in my lewe.

Ek kom te staan teen anti-huweliks gewoontes en voorstellings in my lewe. Ek weerstaan jou, gees van Vrees vir verlatenheid en eensaamheid in Yeshua se naam.

Ek kom te staan teen enige aangetrokkenheid tot verkeerde en onopregte maats asook die “Counterfeit”. Vader, ek vra dat U my oë sal open sodat ek elke “Counterfeit” wat homself as die ware hulpmaat voordoen sal erken vir wie hy/sy is. Dankie vir die Ruach wat in ons altwee sal bevestig wanneer U die “Matchmaker” in ons verhouding was. Ek verwerp onvoordelige ongeduld in my lewe.

Enige demoniese swangerskap in die geestesrealm aborteer ek nou en beveel dat my voornemende man/vrou nou vrygemaak sal word van die invloede van die magte van duisternis, in Yeshua se naam.

Ek vra U, Vader, om die magte wat gebruik word deur enige mens geeste of dooie mens-geeste wat my toekoms ten opsigte van my huwelik blok, te vernietig en om dit te bind en kragteloos te stel in die naam van Yeshua Messias van Nasaret. Laat elke demoon wat my weerhou van wat ek behoort te sien, deur die Vuur van **יהוה** verteer word.

**Vandag word ek bevry van alle anti-huweliks vloeke, towerspreuke, beheksing, towery en verbonde wat in werking is van beide kante van my ouers.**

**Ek gebruik die Bloed van Yeshua om alle anti-huweliks, onsigbare etikette op enige deel van my liggaam skoon te maak en uit te wis, in Yeshua se naam.**

**Laat Goddelike huweliksvoorspoed al die anti-huweliks vloeke en verbonde vervang.**

My Almagtige VADER יהוה, **Vader van Lig**, maak my oë oop. **Bevry my van alle wêreldse standaarde wat ek vir myself gestel het wat 'n bron van hindernis en vertraging vir my was.** Ek is nou gereed om U wil te doen soos U dit aan my openbaar. Dankie, omdat ek weet dat U nou in beheer is en ek sien met verwagting uit na dit wat U gaan doen..

***<u>AMEIN ~ SO SAL DIT WEES! HALLELUYAH!!</u>***

**Let op die volgende:**

1. Jy moet alle sondes bely, veral sondes wat gepleeg is as alternatiewe vir die huwelikslewe.

2. Indien jy probleme met drome ondervind, vra vir bediening van bevryding of bedien jouself met bevryding.

3. Verseker dat alle restitusie (gaan maak reg met ander), gedoen is. Bv., indien jy gehuisves word deur iemand anders se huweliksmaat, moet jy nie slegs bely nie, maar ook die verhouding onmiddellik staak, wat dit jou ookal kos.

4. Verseker dat jy algeheel geledig is van hoogmoed en woede. Dit mag dalk die oorsaak van jou huweliksprobleem wees.

5. Staak alle vorme van treur en trane, en begin om הוה te dank. Dit is 'n uitdrukking van jou geloof in Sy vermoë en getrouheid.

6. Bestudeer en memoriseer daagliks die Skrif.

7. Soek vir die waarlike doping in die Ruach HaQodesh. Dit verhoog/verryk jou gebedslewe.

8. Raak besig vir הוה deur persoonlik siele te wen vir Hom.

**Lees Yochanan/Johannes 14:12-21.**

Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo—die werke wat Ek doen, sal
hy ook doen; en hy sal groter werke doen as dit, omdat Ek na my Vader
gaan. 13 En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die
Vader in die Seun verheerlik kan word. 14 As julle iets in my Naam vra, sal Ek
dit doen. 15 As julle My liefhet, bewaar my gebooie. 16 En Ek sal die Vader
bid, en Hy sal julle ‘n ander Trooster gee om by julle te bly tot in
ewigheid: 17 die Ruach van die waarheid wat die wêreld nie kan ontvang nie,
omdat dit Hom nie sien en Hom nie ken nie; maar julle ken Hom, omdat Hy by
julle bly en in julle sal wees. 18 Ek sal julle nie as wese agterlaat nie; Ek kom
weer na julle toe. 19 Nog ‘n klein tydjie, en die wêreld sien My nie meer nie;
maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe. 20 In dié dag sal julle weet

dat Ek in my Vader is, en julle in My, en Ek in julle. 21 **Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My liefhet; en wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom liefhê en My aan hom openbaar.**

**Wees produktief besig vir Hom terwyl jy יהוה se Vaderlike ingryping en gunste inwag. Hoor, Glo en Doen die Woord en kry die resultate!**